

DIE "MALEBOCHOORLOG" VAN 1894: WAARNEMINGSVERMOË AS KRITERIUM VIR DIE BETROUABAARHEID VAN BRONNE

Lizé Kriel

Departement Geskiedenis en Kultuurgeschiedenis

Universiteit van Pretoria

0002 Pretoria

The "Maleboch War" of 1894: the ability to observe as criterion for the reliability of sources

In the light of the renewed interest in Blouberg's Hananwa under Mmalebôhô just more than a hundred years after the "Maleboch War" which was waged by the Z.A.R., it has become necessary to look into the reliability of the sources most frequently used by researchers working on this 1894 conflict. This article compares the reliability of two published diaries which were written on the campaign by Reverend Colin Rae and missionary Christoph Sonntag respectively. The ability of each of these witnesses to observe is applied as criterion for testing the reliability of their respective accounts of the conflict. The influence of personal subjectivity on their reliability in each case is considered before Rae and Sonntag are compared with respect to their physical ability to observe on the one hand, and their social ability to do so, on the other. Under social ability, an attempt is made to determine which witness's knowledge of language, his familiarity with military affairs and his sensitivity for the diverse cultures of the warring parties, enables him to make the most reliable observations. In conclusion, it does not seem feasible or desirable to appoint one of the witnesses as being more reliable under all circumstances. This would imply disregard for the fact that an unique combination of factors influences each incident observed by the witnesses in a different way. However, considering Sonntag's conscientious personality, his acute awareness of different cultural frameworks and his better knowledge of the terrain of the conflict, he can, in general terms, be regarded as the more reliable witness.

In die lig van die hermude belangstelling in Blouberg se Hananwa onder Mmalebôhô pas honderd jaar na die "Maleboch-oorlog" wat die Z.A.R. gevoer het, is dit nodig om te vra na die betrouwbaarheid van die vernaamste bronne wat deur navorsers omtrent dié 1894-konflik geraadpleeg word. In hierdie artikel word eerwaarde Colin Rae en sendeling Christoph Sonntag se gepubliseerde dagboekweergawes van die veldtog met mekaar vergelyk ten opsigte van die betrouwbaarheidskriterium waarnemingsvermoë. Die invloed van persoonlike subjektiviteit op die waarnemers se betrouwbaarheid word oorweeg voordat Rae en Sonntag ten opsigte van hulle fisiese vermoëns aan die een kant, en hulle sosiale vermoëns aan die ander kant, vergelyk word. Onder laasgenoemde, word gepoog om vas te stel watter getuije se talekennis, militêre kennis en begrip vir die teenoorstaande partye se uiteenlopende kulture, hom tot die betrouwbaarste waarneming in staat gestel het. Ten slotte, blyk 'n algemeen-geldende beslissing ten gunste van die

betroubaarheid van die een getuie, teenoor die onbetroubaarheid van die ander, problematies te wees. So 'n beslissing, sou neerkom op 'n miskenning van die unieke samestelling van faktore wat die waarneming van elke afsonderlike incident verskillend beïnvloed. Tog kán Sonntag, op grond van sy konsensieuse persoonlikheid, sy skerp ingesteldheid op verskillende kulturele raamwerke en sy beter vertrououdheid met die oorlogsmilieu, as die oorwegend betroubaarder waarnemer aangewys word.

1. Inleiding

Dit is opvallend dat soveel navorsers tans, net meer as 'n honderd jaar na die Z.A.R.-regering se veldtog teen die Hananwa onder Mmalebôhô, weer soveel belangstelling in die Blouberg-omgewing — die terrein van die destydse konflik en steeds die tuiste van die Hananwa — toon.¹ Die veldtog moet gesien word binne konteks van die Z.A.R. se beleid gedurende die laaste dekades van die negentiende eeu: om die distrik Soutpansberg onder sy oppergesag te bestendig. Die veldtog teen Mmalebôhô was inderdaad die eerste in 'n reeks van vier, wat in 1898 afgesluit is met die verowering van die laaste onafhanklike swart gemeenskap in Suid-Afrika, die Venda.² Wat tydsduur en mannekrag betref, was die veldtog teen Mmalebôhô een van aansienlike omvang: dit is nie seker hoeveel Hananwa in die stryd betrek is nie, maar dit het sowat eenduisendvyfhonderd blanke kommandoede en vyfhonderd regeringsgesinde swartes³ van begin Junie tot 1 Augustus 1894 geneem om die hoofstat op Blouberg te omsingel en in te neem. Die meer gedugte en gevreesde Venda onder Mphephu is, daarteenoor, in 1898 maar in minder as 'n maand verslaan.⁴

In die lig van die hernude belangstelling in die "Maleboch-oorlog" van 1894 en teoordeel aan die frekwensie waarmee hierdie werke geraadpleeg word, is dit belangrik om te vra na die betroubaarheid van twee van die vernaamste bronne oor die veldtog: die

Vergelyk byvoorbeeld J.W.N. Tempelhoff, "Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899" (Ph.D.-proefskrif, UNISA, 1989), pp. 507-512. Hierdie proefskrif is 'n sosio-ekonomiese geskiedenis van die Soutpansbergdistrik in die laat-negentiende eeu. Die blanke militêre veldtog teen die Hananwa word behandel as deel van die transformasieproses wat swart gemeenskappe in die teenwoordigheid van 'n groeiende plaaslike blanke bevolking ondergaan het. Mrn. J.A. van Schalkwyk, hoof van die Afdeling Argeologie en Etnologie aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, is tans besig met 'n omvattende antropologiese studie van Blouberg se Hananwa en wys in die volgende artikel op die veelheid van navorsingsmoontelikhede rondom Blouberg: J.A. van Schalkwyk, "Die kultuurhistoriese betekenis van die Berlynse sendingstasies in die Blouberg-omgewing", *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(4), 1990, pp. 244-249. Vergelyk A.E. Kotzé, "Die fonologiese sisteem van Hananwa" (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA, 1987), vir taalkundige belangstelling in hierdie Noord-Soto-variëteit. Mev. A. van der Merwe, ook verbonde aan UNISA se Departement Afrikatale, doen haar doktorale navorsing onder die Hananwa weer vanuit letterkundige oogpunt. Vergelyk ook T.J. Makhura, "The Bagananwa polity in the northern Transvaal and the South African Republic, 1836-1896" (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNIBO, 1993). Hierdie navorsers se resultate lê natuurlik die tekortkominge en verouerde aard van vroëre ondersoek, soos N.C. Weidemann se 1944-verhandeling, "Die Malaboch oorlog (1894)" (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP), duidelik bloot.

2. J.W.N. Tempelhoff, "Die okkupasiestelsel", p. 496.
3. Transvalse Argiefbewaarplek, Pretoria, SSA 2, R 14/94, résumé re houding Magato en andere kapiteins en vermelding van feiten omtrent den oorlog tegen Malaboch, volgens minute R 6039/94. Die blanke deelnemers was lede van die kommando's Pretoria, Waterberg, Middelburg, Rustenburg, Marico en Soutpansberg. Die swart deelnemers is beskryf as "bevriende naturellen" van onder andere Matlala, Mapene en Hans Masibi.
4. J.W.N. Tempelhoff, "Die okkupasiestelsel", pp. 510-511 en 532.

gepubliseerde weergawes van die dagboeke van die Anglikaanse eerwaarde Colin Rae en die Berlynse sendeling Christoph Sonntag.⁵ Rae het die veldtog meegebring as geestelike bedienaar van die Engelssprekende lede van die Pretoria-kommando en Sonntag het aan die hoof van die plaaslike sendingstasie, Blouberg, gestaan. Albei se gepubliseerde dagboeke⁶ word in geheel, in die vorm van 'n dag-tot-dag vertelling, volledig aan die veldtog gewy. Dit is dus nie alleen 'n baie toeganklike wegspoorplek vir enige navorsing oor die oorlog nie, maar boonop besonder gerieflik om voortdurend na terug te verwys ter wille van oriëntasie. Kortom, menige navorsing sal moet erken dat sy/haar verwysingsraamwerk rondom die veldtog sterk gekleur is deur Rae en Sonntag se ervaring en weergawe daarvan. Afgesien van die ooreenkoms in die formaat van hulle aanbiedings, is daar opmerklike verskille tussen die twee getuies se persoonlikheid, wêreldeskouing en interpretasie van die konflik. Watter een van dié twee kan as die betroubaarder getuije beskou word en is 'n algemene uitspraak ten opsigte daarvan vir alle aspekte geldig? Die doel van hierdie artikel is om Rae en Sonntag, langs die weg van interne kritiek, slegs ten opsigte van een kriterium vir betrouwbaarheid, naamlik hulle waarnemingsvermoë, met mekaar te vergelyk.⁷

2. Die invloed van persoonlike subjektiwiteit op betrouwbaarheid⁸

Indien historiese stellings, soos Nipperdey beweer, afhanglik is van die persoonlikheid van die historikus,⁹ kan die waarneming waarop die stellings berus, ook nie heeltemal ontkom aan die persoonlike subjektiwiteit van die waarnemer nie. Watter persoonlikheidsgebonden swakhede, of pluspunte, sou Sonntag en Rae se waarnemingsvermoë, en dus hulle betrouwbaarheid, kon beïnvloed?

In Sonntag se guns, tel sy konsensieuse persoonlikheid: so vasberade soos hy was om van die Blouberg-sendingstasie 'n sukses te maak, so getrou soos hy was in die uitvoering van sy sendingpligte, so het hy ook sy dagboek gehou — met dieselfde "Duitse deeglikheid" (een van die opmerkings wat die vertaler te aanmatigend geag het om te publiseer) wat hy in dokter Hohls se hospitaal sou waardeer:¹⁰ Sonntag het inskrywings gemaak vir elke opeenvolgende dag; veral tydens die oorlog, het daar selde 'n dag verbygegaan waarop hy nie geskryf het nie. Daar kan verwag word dat hy die gebeure rondom die Maleboch-oorlog met dieselfde noukeurigheid en opregte erns sou aanteken as waarmee hy geskryf het oor sy pogings om Mmalebôhô die eerste keer te ontmoet:

-
- 5. C. Rae, *Malaboch or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against the chief Malaboch of Blaauwberg District Soutpansberg, South African Republic* (Cape Town, 1898); C. Sonntag, *My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains* (ed. K. Sonntag) (Pretoria, 1983).
 - 6. Die *My Friend Maleboch*-publikasie is nie 'n volledige vertaling van sendeling Christoph Sonntag se dagboek nie. Die vertaler mnr. Konrad Sonntag het slegs dié inskrywings wat op die oorlog betrekking gehad het, geselekteer. Dit moet dus nie uit die oog verloor word dat hy met die vertaling op besondere wyse reeds 'n beduidende begin gemaak het met die interpretasie van die dokument nie. Die oorspronklike en volledige handgeskrewe dokument is deur die Sonntagfamilie aan die Transvaliese Argiefbewaarplek geskenk (Argiefaanwinsnommer 1281).
 - 7. Die vergelyking is hoofsaaklik gedoen aan die hand van die riglyne soos verskaf in R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method* (Belmont, 1980), pp. 153-155. Waar benaderings uit ander werke by dié van Shafer aansluit, maar tog verdere nuances uitlig, is ook daarvan gebruik gemaak en die nodige erkenning in voetnote gegee.
 - 8. Hierdie afdeling is in geheel 'n aanvulling tot Shafer se kriteria vir waarnemingsvermoë, maar sluit baie nou daarby aan.
 - 9. T. Nipperdey, "Can history be objective?", *Historia* 23(1), 1978, p. 3.
 - 10. K. Sonntag, persoonlike mededeling, Menlynweg, Pretoria, 28.07.1994.

Tuesday 27 September 1892

To be in a position to attend not only to the Christians but also to be able to go to the heathens and move freely everywhere, it was essential that I interviewed the chief first;¹¹

sy werksaamhede op die sendingstasie:

Wednesday 25 April 1894

The building operations claimed my attention to such an extent that nothing was further from my mind than politics and related subjects;¹²

en die bediening van die Woord:

Sunday 20 June 1894

...after having given Petrus instructions for the church service, I set off with Khobe's men and one of my Christians.¹³

In die lig hiervan, kan 'n mens die volgende uitspraak van Sonntag as 'n opregte uiteensetting van sy modus operandi beskou:

May the Lord have pity on our people and give me wisdom from above so that I will always do what is right and what is in harmony with my profession as missionary.¹⁴

Gestroop van die religieuse ondertoon, is "always do what is right" inderdaad 'n verbintenis tot die waarheid, 'n strewe na onpartydigheid, al is dit nou vanuit die per se-partydige sendelingkamp.¹⁵ Sonntag openbaar minstens in sy redenasies dié insig dat daar meer as een perspektief op gebeure bestaan.

'n Eienskap van Sonntag wat teen hom kan tel, is sy uiterse gesteldheid op wat ander van hom dink, sy selfregverdiging, wat miskien soms oorgaan in selfverontskuldiging. Tekens daarvan sien 'n mens in die hoë premie wat hy plaas op 'n gunstige beeld van homself by die Z.A.R.-bevelvoerders, veral nadat die lui van die sendingklok hom verdag gemaak het — in so 'n mate dat hy selfs by Rae daaroor gekla het. 'n Vergelyking van die twee dagboeke in hierdie verband, bring 'n mens tot 'n openbarende gewaarwording. Soos wat uit Sonntag se eie inskrywing blyk, het Rae nie tydens sy besoek 'n goede indruk op hom gemaak nie ("looked like anything but a clergyman")¹⁶ — Sonntag noem nie eens sy naam nie. Dat die beskrywings "English preacher"; "taking part in the campaign as army chaplain" en "serve only troops coming from Pretoria"¹⁷ wel na Rae verwys, kan slegs bevestig word

C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 4.

12. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 20.

13. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 53.

14. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 21.

15. K. Omotoso, *Season of migration to the south. Africa's crises reconsidered* (Cape Town, 1994), pp. 106-108. Omotoso wys op die inherente partydigheid van die sendeling huis vanweé sy sendingdoelwitte: "...wherever he went, the missionary's implicit aim was to destroy the basis on which the African had built his traditional existence and to replace it with a completely new set of beliefs".

16. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 84.

17. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 84.

omdat Rae self, heelwut uitvoeriger, oor sy besoek op 1 Julie aan Sonntag uitwy.¹⁸ Die enigste klaarblyklike rede waarom Sonntag in sy dagboek oor die besoek skryf, is om sy kommer oor wat hy van Rae verneem het, naamlik dat hy in die Pretoriase pers van samewerking met die Hananwa beskuldig is weens die klok'lui-episode, te verwoord. Rae se lang aanhaling (*sic*) van wat Sonntag hom meegedeel het, bevestig die vermoede dat laasgenoemde selfs teenoor iemand van wie hy nie 'n besondere hoë dunk gehad het nie, sy saak sou stel, net ter wille daarvan om sy naam skoon te kry. Hierdie geneigdheid om homself te verontskuldig, blyk nog sterker uit die manier waarop Sonntag sy optrede probeer regverdig wanneer hy uiteindelik besluit dat dit te gevaaarlik sou wees om Mmalebôh nog 'n keer te besoek. Hy praat weg van sy eie vrees en projekteer al die verwyt op kommandant Malan:

...I gave up my plan, to the evident satisfaction of Commandant Malan. He and his men were not at all co-operative and treated me perhaps not openly but quite noticeably more like a spy than someone who was prepared at the risk of his life to render him and his people a valuable service. Commandant Malan had driven my enthusiasm for the mission right out of me.¹⁹

Tog lyk dit nie asof hierdie geneigdheid van Sonntag sy persoonlike verbintenis tot die korrekte weergawe van gebeure geskaad het nie. Dit wil eerder voorkom asof dit hom red van 'n oorgaan tot absolute subjektiwiteit soos wat hy hom deur die loop van die vertelling al hoe meer met die lot van die Hananwa vereenselwig ("For our poor, shattered Bahanoa we prayed for grace and clemency").²⁰ Wanneer hy dan geleidelik al meer uitgesproke raak, is dit ten opsigte van sy simpatie met die Hananwa sowel as sy gesteldheid op korrekte optrede teenoor die Transvaalse regering:

I had most explicitly explained my attitude to the whole situation to General Joubert and Commandant Vorster, as well as later to Commandant Grobler. Besides, it was common knowledge that I had done my utmost to persuade the Bahanoa to submit peacefully. In these circumstances I deserved something better than to be suspected of espionage.²¹

En weer:

Last night I considered long and exhaustively: Can, may, shall, must I once more go to Maleboch?²²

En verder:

Through this verdict Maleboch gained time. Gradually he would recover his peace of mind and be in a better position to defend himself than now. Because he had refused good advice he had brought the war on himself. For this he deserved punishment but not death.²³

-
18. C. Rae, *Malaboch*, pp. 104-105.
 19. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 94.
 20. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 119.
 21. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 67-68.
 22. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 71.
 23. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 123.

Dit wil voorkom asof Rae se persoonlikheid 'n groter struikelblok in die strewe na betroubare waarneming was as dié van Sonntag. Teenoor Sonntag se diensbaarheid, merk 'n mens ongemaklik dikwels in Rae se verteling verwysings na ander se diensbaarheid aan hom. Om maar net enkele incidente te noem: Tydens hulle besoek aan die Warm Baths Hotel op die terugtog, moet luitenant Schroeder in die bed vol miere slaap, omdat die eerwaarde te veel gril.²⁴ Dit laat die leser wonder hoeveel moeite hy sy vriende tydens die veldtog moes aangedoen het. Raewerp self meer lig daarop: hy bring die yskoue nag in die Pretoria-fort deur onder 'n geleende oorjas, sorg dat hy, met net een kombers vir die drie van hulle, tussen Preller en Brook lê en vertel dan tong-in-die-kies hoe hy, terwyl die ander twee dán oop en dán toe was, "fairly well off all the time"²⁵ was. Dit is nie soseer die goedgunstigheid wat Rae geniet nie, maar die manier waarop hy daaroor praat, wat die onderzoeker agterdogtig maak oor sy vermoë om hoegenaamd die implikasies van oorlogsontbering te deurgroond, wat nog te sê betroubaar daaroor verslag te doen. 'n Mens kan nie help om te begin dink dat die vertelling nie in die eerste plek 'n huldeblyk aan die weldoeners en mede-manskappe is nie, maar eerder 'n huldeblyk deur Rae aan homself; dis asof hy die indruk skep dat die Pretoria-kommando geëerd behoort te gevoel het weens sy teenwoordigheid (vergelyk die trots waarmee hy vertel van die toekenning wat hy na die oorlog ontvang het).²⁶

Rae is nie so konsensieus soos Sonntag nie; hy was van plan om sy eie verhaal aan te vul met Tobias, 'n mede-kommandolid, se koerantberigte en erken gevoldiglik dat hy in sy eie notas nie veel aandag aan besonderhede gegee het nie. Dat hy in die eerste plek bereid was om hom op 'n ander se waarnemings te verlaat en op die ou einde daarsonder klaargekom het, bewys dat hy nie in so 'n mate ingestel was op kritiese vergelyking van verskillende weergawes as wat hy kon gewees het nie.²⁷

Die onderzoeker mis Sonntag se inisiatief, doelmatigheid en erns in Rae se doen, late en skrywe. Selle tree Rae alleen op;²⁸ dikwels vertel hy hoe hulle die tyd met musiek, visvang en piekniek verwyl het.²⁹ Dit staan in skerp kontras met Sonntag se deurlopende besorgdheid oor sy gesin, sy Christene en die Hananwa se welsyn,³⁰ wat spreek van die veel groter verantwoordelikhedslas op Sonntag se skouers. In die totale periode waaraan die oorlogsgebeure strek, verneem die leser maar van 'n paar dae wat Sonntag werklik opsysit om te ontspan. Die inskrywing op Woensdag 29 Augustus is tekenend daarvan:

We started the return journey in the Moletsi wagon. God be praised! It had done me the world of good to relax for a few days in different air amongst other people and to exchange thoughts and experiences with loved ones. I would have welcomed a longer rest, but this was not possible. Kibi's attitude presaged the worst and therefore we hurried home.³¹

Uit die aard van sy persoonlikheid, is Rae se ervaring en waarneming van die oorlog, in

24. C. Rae, *Malaboch*, p. 196.

25. C. Rae, *Malaboch*, p. 121.

26. C. Rae, *Malaboch*, p. 214.

27. C. Rae, *Malaboch*, p. viii.

28. C. Rae, *Malaboch*, p. 123. "I left the mountain shortly afterwards, being escorted by Messrs. Watkins and Brook." Dit sou onregverdig wees om net op die negatiewe te wys; Rae het wel ook die dokters op hulle mediese rondtes vergesel en wondes help verbind (sien pp. 87 en 104), hoewel, weer eens, skynbaar nooit op eie inisiatief nie.

29. C. Rae, *Malaboch*, pp. 124-125; 175 en 194.

30. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 55, 56 en 88.

31. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 139.

geheel beskou, meer self-bewus as dié van Sonntag. In die bepaling van die betroubaarste getuie, het Rae dus reeds 'n agterstand wanneer daar in die volgende afdeling oorgegaan word tot die vergelyking van meer spesifieke waarnemingsvaardighede.

3. Fisiese vermoëns en ruimtelike posisie van die waarnemer³²

Nòg Rae nòg Sonntag gee enige aanduiding of hulle sintuiglike gebreke gehad het wat hulle waarnemingsvermoë kon belemmer. Foto's van die twee predikante lewer ook nie juis leidrade op nie;³³ sodat die ondervoerker nie werklik afleidings oor hulle sig- of gehoorvermoëns kan maak nie. Dit geld ten minste nie ten opsigte van hulle gebruik van die vermoëns wél tot hulle beskikking nie! Teenoor Sonntag, met sy noukeurige opmerkings ("[F]rom the south-west we heard"; "[W]e could see distinctly with the bare eye"; "[T]hrough the binoculars I could clearly distinguish"),³⁴ erken Rae reeds in sy voorwoord 'n swakheid waarteen Shafer waarsku: 'n waarnemer wat nie sy volle aandag gee aan dit waaroor hy moet rapporteer nie.³⁵ Soos met die bespreking van sy persoonlikheid, is Rae se versuim om deeglik aan te teken waaroor hy beoog het om later verslag te doen, weer ter sprake.

The sudden death of poor Tobias affected me in more ways than one.

He was special correspondent for the *Volkstem*, ... He invariably read these despatches to me before sending them away, and promised, on our return to Pretoria, to present me with a complete English translation; but his untimely death prevented this arrangement.

Depending on these notes, I did not take such minute particulars as I should otherwise have done, and I am indebted to the *Press* for some details

³⁶

Hoe onverdeeld kon sy aandag gewees het as hy elke ervaring deurgemaak en elke gesprek aangehoor het met die gedagte dat iemand anders wel noukeurig sou oplet?

Teenoor die onsekerheid rondom fisiese vermoëns, kan die vraag of hulle ruimtelike posisionering hulle telkens tot eerste- of tweedehandse informasie toegang gebied het, wel opgevolg word.

Wat waarneming van die oorlogsgebeure betref, was Sonntag oor die algemeen in die voordeligste posisie. Nie alleen het hy, met die sendingstasie as basis, werklike skakeling met lede van beide veggende partye geniet nie;³⁷ verteenwoordigers uit verskillende kommando's en belangsgroepe binne die Transvaliese magte het hom op die sendingstasie besoek, vanwaar hy ook 'n betreklik wye uitsig oor hulle oorlogsmaneuvres gehad het. Vergelyk byvoorbeeld sy geskakeerde weergawe van die bestorming van die berg op 14 Junie 1894,³⁸ met die geïsoleerde aard van dié van Rae. Fisies beperk tot die terrein van die Pretoria-kommando,

32. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, p. 154.

33. C. Rae, *Malaboch*: Opposite p. xi, photograph: 'The author', n.d.; C. Sonntag, *My friend Maleboch*: Frontispiece, photograph: 'Christoph Sonntag (1862-1919)', n.d..

34. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 59.

35. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, p. 154.

36. C. Rae, *Malaboch*, p. viii.

37. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 39 (Sonntag besoek Mmalebôhô), 47 (Sonntag besoek Boeremagte maar verkry inligting oor dieselfde incident ook van die Christen-familie van die beweerde "gesneuwelde" Hananwa).

38. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 59-62.

het die strategiese betekenis van die dag se gebeure by hom verbygegaan en word die staaltjie van ene George se noue ontkomming die kern van sy waarneming.³⁹

Hierdie einste swak posisie van Rae word natuurlik 'n voordeel sodra die fokus van waarneming vanaf die militêre vordering met die oorlog na die kamplewe in die Pretoria-kommando verskuif. Al wat Sonntag byvoorbeeld op 21 Julie 1894 oor dokter Mader kon meedeen, was die algemene ontevredenheid met hom en die sprake dat Hohls hom sou opvolg.⁴⁰ Uit Rae se eerstehandse waarneming, verneem die ondersoeker die besonderhede. Dokter Mader het onder moeilike omstandighede gewerk; die Boere het hom byvoorbeeld nie toegelaat om 'n pasiënt se been te amputeer voordat dokter Hohls (en die Hollandse predikant) nie ook daarvan oortuig was nie.⁴¹ Rae is voorts letterlik in 'n "posisie" om die storie op te volg en op 26 Julie te kan getuig dat Mader toe self bedank het.⁴²

'n Ander aspek van fisiese waarneming waar Sonntag se eie bekentenis moontlik teen hom kan tel, is Hockett se opmerking dat buitengewone emosionele spanning, van enige aard, geneig is om 'n waarnemer se vermoëns nadelig te beïnvloed.⁴³ Veral sedert Sonntag se laaste tog na Mmalebôhô op Blouberg (Saterdag 28 Julie 1894), moet die ondersoeker sy getuienis gebruik met die voorbehoud dat dit gemaak is deur 'n emosioneel neergeslane en fisies uitgeputte waarnemer:

For a moment I felt that I was losing consciousness because mentally and physically I was as near exhaustion as anyone could be.⁴⁴

Tog getuig Sonntag se skerp redenasies in sy dagboek in hierdie dae — hoewel nie meer van 'n poging om te objektiveer nie — ook nie huis van mentale disoriëntering nie. Daar is wel 'n passiwiteit in sy handeling te bespeur (heelwat minder persoonlike waarnemings as inligting ontvang van ander waarnemers, word opgeteken); Sonntag se eie handeling is bevries deur sy ampelike lojaliteit teenoor die staat en sy private empatie met Mmalebôhô — nietemin hou hy steeds vol om albei standpunte te beredeneer, asof hy weet dat sy individuele mening teen die tydgeses ingaan. Al hierdie punte word prakties geïllustreer in sy dagboekinskrywings rondom die inhegtenisname van Mmalebôhô (wat hyself nie fisies waargeneem het nie!):

My heart ached terribly. The Bahanaoa might be obdurate, hardened heathens, but I still felt a deep compassion for them. What must it not have cost a man like Maleboch to tread this painful path! ... In my present emotional condition it would be more than I could bear to see him now.⁴⁵

En:

Commandant Trichard, ... was courteous and helpful. [Dus nie 'n stereotipering van alle Boere nie]. I heard from him... Neither reason for this mishap satisfied me and I hoped to discover the truth sooner or later. I was sorry indeed that the chief had burnt himself. His face must now be badly

39. C. Rae, *Malaboch*, pp. 58-59.

40. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 105.

41. C. Rae, *Malaboch*, p. 151.

42. C. Rae, *Malaboch*, p. 158.

43. H.C. Hockett, *The critical method in historical research and writing* (Toronto, 1955), p. 45

44. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 117.

45. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 120.

disfigured, and this, especially now before his trial, would count against him.
...By the way, he was led down the mountain at the end of a rope!⁴⁶

En ook:

The General was surprised that I had not yet seen Maleboch since his surrender. ...I could not tell him that what prevented me from seeing Maleboch was the pain and sorrow caused me by the thought that such a noble man, the leader of a proud and independent people, should have come to such a disastrous and degrading end.⁴⁷

Die opmerkings wat Sonntag in hierdie stadium maak, is dus allermins nutteloos, maar sy bespiegeling moet deur die ondersoeker onderskei word van eerstehandse fisiese waarneming. Die feit dat Sonntag meer onderhewig is aan Hockett se laasgenoemde punt van kritiek as Rae, is egter slegs 'n enkele kriterium en nie voldoende om hom as die minder betroubare getuie te klassifiseer nie. Rae was in hierdie stadium in elk geval eerder aan die visvang of piekniek hou⁴⁸ as fisies teenwoordig by die laaste oorlogsgebeure. Opgeweeg teen Rae se liggerraaktheid, blyk Sonntag se emosionele ontwrigting die minder skadelike faktor te wees in die belemmering van betroubare waarneming.

4. Kennis van taal

Afgesien van die fisiese en ruimtelike voorwaardes vir waarneming, is Rae en Sonntag se geloofwaardigheid ook beïnvloed deur hulle bekendheid, al dan nie, met dit wat hulle gesien en ervaar het — daardie faktore wat Shafer die sosiale vermoëns van die waarnemer noem.⁴⁹ Een van daardie faktore, taalvaardigheid, word in hierdie afdeling bespreek. Verdere sosiale faktore, word onder die volgende drie opskrifte bespreek.

Sonntag self lewer miskien die verdoemendste van alle getuenis teen Rae se vermoë om waar te neem: Engels was die enigste taal wat hy kon praat en verstaan.⁵⁰ Rae erken self dat hy nie *Dutch* kon praat nie — enkele Afrikaanse aanhalings gee te kenne dat hy miskien hier en daar 'n paar woorde kon begryp, maar 'n eerstetaal-toespraak kon hy nie volg nie.⁵¹ Sonntag, daarenteen, was, afgesien van sy moedertaal (Duits), ook Nederlands en Sepedi magtig. Om die waarheid te sê, 'n skriftelike eksamen in Nederlands en 'n skriftelike én mondeline eksamen in Sepedi was deel van die opleiding van 'n Berlynse sendeling.⁵² Uit sy dagboekinskrywings lei die ondersoeker ook af dat Sonntag al hierdie tale — plus Engels — gebruik het en dus met die sprekersgroep van elke taal gekommunikeer het.⁵³ Weliswaar was Sonntag se kennis van die Hananwa-variëteit van Sepedi nie naastenby dié van 'n moedertaalspreker nie. Hy was ook die eerste om te erken dat daar Boere was wat beter met die Hananwa in hulle eie taal kon kommunikeer as hy,⁵⁴ sodat die ondersoeker moet

46. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 120-122. Kursivering L.K.

47. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 124.

48. C. Rae, *Malaboch*, pp. 174 en 177.

49. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, p. 154.

50. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 82.

51. C. Rae, *Malaboch*, pp. xvii, 50, 75 en 16.

52. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. xiii.

53. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 22, 32, 45, 102 en 104.

54. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 22.

aanvaar dat fyn pragmatiese en idiomatiese nuanses sy waarneming sou ontduik het. Volgens N.J. van Warmelo het die Berlynse sendelinge teen die 1890's in daardie omgewing 'n "soort Sotho" van Sekhukhuneland, deurspek met 'n aantal woorde en vorme wat slegs in Pietersburg voorkom, as standaard gebruik.⁵⁵ Nietemin was die verskille tussen die variëteite in die Pietersburg-omgewing nie van so 'n aard dat dit geredelike kommunikasie tussen die verskillende Noord-Sotho-groepe belemmer het nie,⁵⁶ sodat die indruk geskep in Sonntag se dagboek, dat hy óók geredelik met hulle kommunikeer het, as geloofwaardig aanvaar kan word.

Rae se gebrekkige talekennis hou omvangryke implikasies in vir sy waarnemingsvermoë: teenoor Sonntag s'n, was sy verstaanswêrelد bitterklein en enige waarnemings wat hy daar buite-om moes maak, tweede- en derderangs, verwerk, bes moontlik verdraai en verwring. As al wat hy van die Kommandant-Generaal se toespraak kon verstaan, die luide gejuig daarná was,⁵⁷ wat voer hy aan as begronding vir sy begrip vir Boere-politiek? As die Engelse persberigte al was wat hy kon verstaan,⁵⁸ en hy sou miskien daarvan verskil, met watter eerstehandse waarnemings sou hy dit kon weerlê?

5. Kennis van militêre aangeleenthede en die gevegsterrein

Nie een van die vertellers was militêre strateë nie. In hulle vertellings, was hulle ook nie traag om dit te kenne te gee nie.⁵⁹ Sonntag het boonop in militêre sake die verdere nadeel ervaar dat hy nie die volle vertroue van al die Transvaalse krygers geniet het nie:

During my stay at the camp I got the feeling that the mountain would be stormed in the very near future and that everybody was keen to hide this fact from me. However, a young Hollander whom I knew very well...⁶⁰

Shafer is baie skepties oor die nut van leke se militêre waarnemings, maar Sonntag moet minstens dié krediet gegee word dat hy die gevegsterrein teen die tyd toe die vyandelikhede losgebars het, reeds baie goed geken het.⁶¹ Terwyl Rae hom verwonder het aan die natuurskoon en die goggas⁶² en uitvoerig verduidelik het hoe grotte (wat nie bestaan nie)⁶³ opgeblaas sou word,⁶⁴ was Sonntag in staat om sinvolle opmerkings te maak, soos om te voorsien dat die ruwe terrein wapenvervoer sou bemoeilik. Hy kon, weens sy reedsgenoemde taalvaardigheid, ook nog peil trek op die Christen-Hananwa se deeglike kennis van hulle bergwêrelد.⁶⁵

-
55. N.J. van Warmelo, *A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa. Department of Native Affairs ethnological publications V* (Pretoria, 1935), p. 3.
56. General Staff, War Office, *Native tribes of the Transvaal* (London, 1905) (Reprint by the University of South Africa, Pretoria, 1962), p. 46.
57. C. Rae, *Malaboch*, p. 16.
58. C. Rae, *Malaboch*, pp. 140-141.
59. C. Rae, *Malaboch*, pp. 74-75; C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 72.
60. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 56.
61. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 23.
62. C. Rae, *Malaboch*, pp. 98 en 65.
63. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 81.
64. C. Rae, *Malaboch*, p. 117.
65. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 72-73 en 81.

6. Begrip vir kultuurverskille; kennis van die Hananwa-kultuur

Dit spreek vanself dat Sonntag se kennis van die Hananwa se taal en die omgewing waar hulle woon, ook sou bydra tot kennis van hulle kultuur. Teen 1894 was hy immers reeds twee jaar as sendeling onder hulle werksaam⁶⁶ en tale uit sprake in sy dagboek bevestig sy ingesteldheid op begrip vir die denk- en leefwyse van dié gemeenskap.⁶⁷ Hy was uit die staanspoor daarvan bewus dat hy hier met 'n ander kulturele bestel as sy eie te doen gehad het:

Tuesday 27 October 1892

In other circumstances I would have taken it very much amiss if he had called me an ape, but today I was overjoyed to receive this extraordinary title of honour. The ape was, if one may use such words, the coat-of-arms of the royal kraal of the Bahananoa, or the honorary title of the inhabitants of the kraal.⁶⁸

Sonntag was dus nie totaal onbewus van of veroordelend oor die totem-beskouing onder die Hananwa nie. Dit is telkens hierdie meerdere kennis wat sy uitsprake meer geloofwaardig as Rae s'n maak.

Rae weet byvoorbeeld nie eens dat Mmalebôhô die leier van die Hananwa is nie, en noem hulle sommer "Malabochians",⁶⁹ die juwele en gebruiksvoorwerpe van die Hananwa is vir hom voorwerpe uit 'n vreemde wêreld; *curios, valuables* wat hy nie verbind met die daaglikse sy van menswees nie, sodat hy en sy makkers dit onnadenkend verwyder⁷⁰ sonder om te besef dat hulle aanstoot gee. Hierteenoor raak Sonntag reeds ontsteld as die Hananwa se landerye verniel word:

Would this disrespect for the property of the Blacks not engender in their hearts a hatred for the White man?⁷¹

Weens sy onkunde, kon Rae nie soos Sonntag begryp hoe veelseggend die stuur van 'n olifantrand as vredesgebaar was nie.⁷² (Die hoë waarde van olifantrande in 'n swart

66. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. xiii.

67. Sien byvoorbeeld die volgende uitsprake, C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 40: "No dispute between White and Black could be resolved unless ... gain the confidence of the Black man. (...) This is not wishful thinking influenced by my friendly feelings for Black men, ... Such Boers are living now ... These men are not only highly respected by the Blacks of that district, but also by Maleboch and his people," en p. 28: "It would fill any missionary who was really interested in the Black people with deep sorrow when he saw how the old splendour — which in spite of the gloom of heathendom did have its good points — was disappearing. On the other hand he knew that the winds of change must blow. He would of course hope and pray and, if necessary act, to assure that this change occurred in a friendly, humane and peaceful manner."

68. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 8. Die Duitse woord *der Affe* wat Christoph Sonntag in die oorspronklike dagboek (C. Sonntag, Notizen aus dem täglichen Leben, Missionar ... 1886-1895 (Ongepubliseerde transkripsie) (S.p., s.d.), p. 136), gebruik, kan as aap of bobbejaan vertaal word (G.P.J. Trümpelmann en E. Erbe, *Woordeboek. Wörterbuch. Afrikaans-Duits. Deutsch-Afrikaans* (Pretoria, 1983), p. 380). Aangesien laasgenoemde dier algemeen as die Hananwa se totem beskou word, kan aanvaar word dat bobbejaan hier 'n meer juiste vertaling sou wees.

69. C. Rae, *Malaboch*, p. 63.

70. C. Rae, *Malaboch*, pp. 66-67 en 182.

71. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 41.

72. C. Rae, *Malaboch*, p. 116; C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 92.

gemeenskap blyk uit Bruwer se opmerking dat die opperhoof alleenreg daarop besit het en dat ivoorjuwele dikwels slegs deur die adel gedra is).⁷³ Vir Rae is die konflik met die Hananwa eenvoudig: as die Boere Mmalebôhô van die begin af verseker het dat sy lewe gespaar sou bly, sou hy, volgens Westerse logika, wetend dat hy die swakste party was, baie gouer oorgegee het.⁷⁴ Sonntag, hoewel hy dit ook nie verstaan nie, besef dat daar kulturele faktore is wat die konflik ingewikkelder maak: selfs al wóú Mmalebôhô oorgee, was hy volgens tradisie as jong leier verplig om hom deur die ou raadgewers te laat lei,⁷⁵ volgens tradisioneleoorlogsspraktyk is vredesonderhandeling na 'n nederlaag waarin lewensverlies gely is, juis onwaarskynliker.⁷⁶ Die laaste ding waarmee die Generaal Mmalebôhô tot oorgawe sou kon dwing, was om hom mee te deel dat hy nie meer as leier gereken word nie: weens die kulturele gaping is sy vredespoging geïnterpreteer as 'n uitdaging.⁷⁷

Te oordeel aan sy onkunde, soos geïllustreer deur hierdie voorbeeld, kan die ondersoeker nie anders as om te erken dat 'n "verligte oomblik" by Rae, soos die volgende, hom as 't ware onkant betrap nie:

Had I known then, what I learned by observation soon after, I could have spared myself such unnecessary anxiety; for all through the campaign the poor Malabochains were seldom, if ever, the aggressors, their attitude being nothing more or less than a gentle protest against what they considered an unjust encroachment on their ancestral rights.⁷⁸

Dit sou inderdaad merkwaardig wees as dit Rae se persoonlike gewaarwording was, maar die moontlikheid is ewe groot dat hy 'n ander se mededeling (Sonntag nie uitgesluit nie), hier weergee. Daar moet ook steeds in gedagte hou word dat Rae al sy uitsprake vanuit 'n agternaperspektief maak, toe hy reeds oor meer kennis van Mmalebôhô beskik het. Sy persepsie van Mmalebôhô het immers verander sodra hy hom die eerste keer gesien het.⁷⁹ Dit bevestig dat eerstehandse waarneming van die werklikheid wel kan bydra tot die uit die weg ruim van vooroordele.

Aangesien Sonntag vir Rae op hierdie punt so totaal oormeester, kan die persepsie by die ondersoeker ontstaan dat Sonntag 'n antropologiese kenner van die Hananwa by uitstek was. Die volgende stap, waarop reeds gewys is, sou wees om Sonntag se beskouing van die Hananwa aan hulle eie ervaring gelyk te stel — nie so nie: Sonntag het steeds die lojale onderdaan van die Z.A.R. gebly.⁸⁰ Ten spye daarvan dat sy empatie by die Hananwa lê, verneem die leser slegs van sy hulp aan Boere-gewondes; vir die gewonde Hananwa kom sy hulp nie verder as 'n privaat-versigtiging in sy dagboek nie; hy bly evalueer ook Mmalebôhô se optrede met die Z.A.R. se maatstawwe vir skuld en onskuld.⁸¹ Daar kon geen aanduidings gevind word dat Sonntag Mmalebôhô se omstandighede na die oorlog in die gevangenis in Pretoria te wete probeer kom of verbeter het nie.⁸² Ten spye van sy

73. J.P. Bruwer, *Die Bantoe van Suid-Afrika* (Johannesburg, 1963), pp. 116-118.

74. C. Rae, *Malaboch*, p. 63.

75. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 37-39.

76. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 64.

77. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 49.

78. C. Rae, *Malaboch*, p. 63.

79. C. Rae, *Malaboch*, pp. 178 en 187; C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 120.

80. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 133.

81. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 77, 62 en 123.

82. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 129; P. Fitzpatrick, ... *South African politician. Selected papers, 1886-1906* (eds. A.H. Duminy and W.R. Guest) (Johannesburg, 1976), p. 57.

daadwerklike pogings om die Hananwa te help om hulle beeste voor die oorlog te herwin en sy verontwaardiging oor hulle verlies aan beeste ten gunste van die Boere tydens die konflik,⁸³ bly sy beskouing van beeste dié van 'n Westerling; beeste het ekonomiese waarde; nêrens besin hy oor die kulturele implikasies van 'n verlies aan beeste, wat die middelpunt van 'n Sotho-gemeenskap se seremoniële gebruikte vorm,⁸⁴ nie.

Hierdie kulturele onvermoë selfs van Sonntag, hierdie bewyse dat hy hom nie volkome oorgegee het aan sy subjektiewe menslikheid nie, dra, ironies genoeg, by tot die betroubaarheid van die inligting wat hy oor die Hananwa deurgee. Sonntag wíl lojaal wees teenoor die Boere; dit maak dit onwaarskynlik dat sy waarnemings wat hierdie lojaliteit verontgaam, onwaar sal wees.

7. Begrip vir kultuurverskille: kennis van die Boere-kultuur

Net soos in die geval van hulle beskouings oor die Hananwa, tel dit weer eens in Sonntag se guns dat hy die Boere se taal, en dus ook hulle kultuur, beter as Rae kon verstaan. Tog kompeteer Rae en Sonntag op gelyker voet wat hulle betroubaarheid oor waarnemings omtrent die Boere betref as wat die geval met die Hananwa was.

Beide identifiseer byvoorbeeld die Transvaalse Boere se rassistiese konserwatisme, maar ironies genoeg, waar Rae ook daarmee identifiseer,⁸⁵ openbaar Sonntag die vermoë om die diversiteit binne die Boere-kultuur raker vas te vat. Hy onderskei geleerde Boere en Boere sonder enige opleiding;⁸⁶ Boere mét en Boere sónder integriteit;⁸⁷ Boere met gesins-en ander belang wat traag was om te veg;⁸⁸ Boere met groot rasseverdraagsaamheid.⁸⁹ Die Boere het wel sekere algemene houdings openbaar wat hulle as groep onderskei het,⁹⁰ maar was nes die Hananwa ook nie 'n monolitiese groep nie. Deurdat hy hom daarvan weerhou om te stereotipeer, bring Sonntag se waarnemings die rasional agter Boere-optrede na vore, soos die feit dat kommandant Malan 'n Kruger-ondersteuner was en dus met rede uitdagend teenoor dié se groot teenstander, kommandant-generaal Joubert, opgetree het.⁹¹ Sulke motiverings getuig van insig in die Boere se politieke kultuur⁹² en is dus geloofwaardig.

Die twee waarnemers se mate van begrip vir kultuurverskille kan direk teen mekaar opgeweeg word volgens hulle onderskeie beskrywings van 'n diep-ingeburgerde kommando-tydverdryf: beesvelry.⁹³ Sonntag het, in die lig van die ongelukkige uiteinde van so 'n beesvelry-incident wat hand-uit geruk het en die dood van 'n Hananwa veroorsaak het, die ideale geleentheid gehad om die Boere te inkrimineer. Tog doen hy in sy vertelling eerder sy uiterste bes om die voorval binne Boere-kultuurverband te sien. Die jong Boere,

83. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 16, 81, 92, 58 en 66.

84. J.P. Bruwer, *Die Bantoe van Suid-Afrika*, p. 111.

85. C. Rae, *Malaboch*, pp. viii-ix en 139-140.

86. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 85.

87. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 54, 66, 99 en 101.

88. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 70-71.

89. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 40 en 129.

90. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, pp. 101 en 105.

91. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 101.

92. C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger 1890-1895* (London, 1970), pp. 207-209 skets die kop-aan-kop uitslae in die 1893-presidentsverkiesing en bevestig dat 'n verdeling tussen Kruger- en Joubertmanne 'n werklikheid was in die Transvaal van die vroeg 1890's.

93. F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad, 1991), p. 204. staaf Sonntag en Rae se beskouings van beesvelry as 'n tipiese Boere-vermaaklikheid van die tyd.

onnadenkend soos dit was, het immers nie eens vermoed dat hulle idee van pret vir kultuurvreemdes vreesaanjaend en selfs dodelik sou wees nie:

Young Boers, especially when in camp and at a loose end, indulged in a very popular passtime called "riding the ox-skin." ... Anyone who was very nimble and adept at the game could stay on his feet no matter how fast ... A novice at the game, however, cut a very comical figure, and would even fall off ... In the exhuberance of youth they decided to have some extra fun.⁹⁴

Rae verberg nie sy verontwaardiging in sy neerhalende beskrywing van beesvelry nie: "This idiotic practice seemed to gratify the childish minds of our Boer friends."⁹⁵ Hy skroom selfs nie om dit openlik in sy gepubliseerde werk uit te spel nie. Dit is moeilik te versoen met sy propagering (elders in hierdie selfde publikasie), van uitlander-tegemoetkomendheid jeens die Boere as toekomstige mede-landsburgers.⁹⁶ Nie alleen getuig dit van kulturele taktloosheid nie, maar boonop van kortsigtige onkunde in die lig van die hewige debat wat op daardie einste oomblik in Pretoria tussen sy uitlander-kultuурgenote en die Boere-regering gewoed het oor die kommandering van uitlanders vir die veldtog teen Mmalebôhô.⁹⁷

Nietemin kan Rae se waarnemings van Boere se optrede op kommando, groot nuttigheidswaarde hê in die verklaring van die Boer se kommando-ervaring. Om maar 'n paar aspekte te noem wat hy juis bespreek het omdat dit vir hom eienaardig was: hulle deurbring van die Sabbat, hulle vrees vir amputasie, hulle gebrek aan dissipline en hulle ongelukkigheid as uitlanders nie hulle taal kon praat nie!⁹⁸

8. Slot

Daar is minstens twee redes waarom die ondersoeker hom daarvan moet weerhou om uit die voorafgaande beredenering 'n klinkklare en finale uitspraak te lewer oor watter van die twee tekste kwansuis die betroubaarste is. Eerstens dek die toets, met waarnemingsvermoë as invalshoek, wat hier uitgevoer is, nie naastenby 'n volledige spektrum van kriteria waaraan die onderskeie tekste en hulle outeurs onderwerp kan word nie. Afgesien van die persoonlikhede van die waarnemers, wat hier reeds ondersoek is, moet die subjektiwiteit wat groeps- en tydgebonden faktore meebring, ook bygereken word⁹⁹ — om maar net te dink aan elke predikant se denominasionele verband as 'n determinant vir groepsubjektiwiteit. In hierdie bespreking is ook slegs waarnemingsvermoë ondersoek — die vermoë van elke getuie om sy waargenome inligting op skrif weer te gee is óók van kardinale belang in die vasstelling van betrouwbaarheid.¹⁰⁰ Tweedens hang die betrouwbaarheid van elke waarnemer ten opsigte van elke afsonderlike incident, telkens af van 'n unieke samestelling faktore, wat

94. C. Sonntag, *My friend Maleboch*, p. 30.

95. C. Rae, *Malaboch*, p. 34.

96. C. Rae, *Malaboch*, pp. 140-141.

97. H.C. Abercrombie, *The secret history of South Africa or sixty-five years in the Transvaal* (Johannesburg, 1952), pp. 84-95; S.J.P. Kruger, *The memoirs of ...* (eds. H.C. Bredell en P. Grobler) (Johannesburg, 1986), pp. 138-139.

98. C. Rae, *Malaboch*, pp. 28, 89, 58 en 50-51.

99. F.A. van Jaarsveld & J.I. Rademeyer, *Teorie en metodiek vir geskiedenisonderrig* (Johannesburg, 1960), p. 40; J. Rüsen, *Studies in metahistory. Human Sciences Research Council series in methodology* (ed. J. Mouton) (Pretoria, 1993), pp. 50-51.

100. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method*, pp. 154-158.

elk se betroubaarheid vir daardie spesifieke incident verskillend beïnvloed. Soos reeds gesien, is dit dikwels die navorser se belangstellingsveld wat bepaal watter van die twee bronne nuttige inligting sal bevat. Onbetroubare inligting, indien as sodanig geïdentifiseer, kan boonop ook nuttig wees — vir die analise van die tydges en vooroordele wat tot die onbetroubaarheid aanleiding gegee het. Dit is dus te betwyfel of dit moontlik kan wees om 'n finale oordeel te fel oor watter bron, in sy geheel gesien, vir watter navorsingsdoeleindes ook al, die betroubaarste van die twee sal wees. Tog kan die navorser uit die voorafgaande ondersoek minstens tot die gevolg trekking kom dat wat waarnemingsvermoë betref, sendeling Sonntag 'n meer konsensieuse getuie was, dat hy skerper ingestel was op verskillende kulturele raamwerke, dat hy meer vertroud was met die oorlogsmilieu as Rae. Tensy in gevalle waar ander faktore die belangrikheid van hiérdie oorwegings oorskadu, kan Sonntag dus as die oorwegend betroubaarder waarnemer aangewys word.